



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE
STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

PRICE + 1c GST 20c PRYS + 1c AVB

Registered at the Post Office as a Newspaper

ABROAD 30c BUITELANDS
POST FREE · POSVRY

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Vol. 173]

PRETORIA, 30 NOVEMBER 1979

[No. 6760

GENERAL NOTICE

NOTICE 929 OF 1979

DEPARTMENT OF COMMERCE AND
CONSUMER AFFAIRS

DRAFT AMENDMENT BILL, 1980

The following Draft Bill to amend the Copyright Act, 1978 (Act 98 of 1978) is hereby published for general information and comment.

Any comment should be forwarded to the Registrar of Copyright, Private Bag X400, Pretoria, 0001, before 4 January 1980.

BILL

To amend the Copyright Act, 1978, so as to provide that originality shall be a requirement for copyright in any work; to apply certain provisions applying to a work, also to a substantial part of such work; to further define a diffusion service for certain purposes; to further define the circumstances in which reproduction of a work shall be permitted; to determine ownership of copyright; and to effect certain textual alterations; and to provide for matters connected therewith.

*Introduced by the Minister of Commerce and
Consumer Affairs*

Be it enacted by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:

Amendment of section 1 of Act 98 of 1978

1. Section 1 of the Copyright Act, 1978 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the insertion after subsection (2) of the following subsection:

“(2A) Any reference in this Act to the doing of any act in relation to any work shall, unless the context otherwise indicates, be construed as a reference also to the doing of any such act in relation to any substantial part of such work.”

18412—A

ALGEMENE KENNISGEWING

KENNISGEWING 929 VAN 1979

DEPARTEMENT VAN HANDEL EN
VERBRUIKERSAKE

KONSEPWYSIGINGSWETSONTWERP OP
OUTEURSREG, 1980

Die volgende Konsepwetsontwerp om die Wet op Outeursreg, 1978 (Wet 98 van 1978) te wysig word hierby ter algemene inligting en vir kommentaar gepubliseer.

Kommentaar moet voor 4 Januarie 1980 aan die Registrateur van Outeursreg, Privaatsak X400, Pretoria, 0001, gestuur word.

WETSONTWERP

Tot wysiging van die Wet op Outeursreg, 1978, ten einde te bepaal dat oorspronklikheid 'n vereiste vir outeursreg in iedere werk is; sekere bepalinge wat op 'n werk van toepassing is, ook op 'n wesentlike deel van die werk van toepassing te maak; 'n verspreidingsdiens nader te omskryf vir sekere doeleindes; die omstandighede waaronder die reproduksie van 'n werk toelaatbaar is, nader te omskryf; eiendomsreg op outeursreg te bepaal; en sekere teksveranderinge aan te bring; en om voorsiening te maak vir aanleentehede wat daarmee in verband staan.

*Ingedien deur die Minister van Handel en
Verbruikersake*

Daar word bepaal deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:

Wysiging van artikel 1 van Wet 98 van 1978

1. Artikel 1 van die Wet op Outeursreg, 1978 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur na subartikel (2) die volgende subartikel in te voeg:

“(2A) 'n Verwysing in hierdie Wet na die verrigting van 'n handeling met betrekking tot 'n werk word, tensy die samehang anders aandui, uitgelê as 'n verwysing ook na die verrigting van dié handeling met betrekking tot 'n wesentlike gedeelte van daardie werk.”

6760—1

Amendment of section 2 of Act 98 of 1978

2. Section 2 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph (a) of the following words:

“(1) Subject to the provisions of this Act, the following works, *if they are original*, shall be eligible for copyright—”; and

(b) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

“(2) A literary, musical or artistic work shall not be eligible for copyright unless—

[(a) sufficient effort or skill has been expended on making the work to give it a new and original character; and

(b) the work has been written down, recorded or otherwise reduced to material form.”.

Amendment of section 6 of Act 98 of 1978

3. Section 6 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for the words preceding paragraph (a) of the following words:

“Copyright in a literary or musical work [or any substantial part thereof] vests the exclusive right to do or to authorise the doing of any of the following acts in the Republic.”; and

(b) by the substitution for paragraph (e) of the following paragraph:

“(e) causing the work to be transmitted in a diffusion service, unless such service transmits a lawful broadcast, including the work, and is *operated* by the original [broadcast] broadcaster.”.

Amendment of section 7 of Act 98 of 1978

4. Section 7 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for the words preceding paragraph (a) of the following words:

“Copyright in an artistic work [or any substantial part thereof] vests the exclusive right to do or to authorise the doing of any of the following acts in the Republic.”; and

(b) by the substitution for paragraph (d) of the following paragraph:

“(d) causing a television or other programme, which includes the work, to be transmitted in a diffusion service, unless such service transmits a lawful television broadcast, including the work, and is *operated* by the original [broadcast] broadcaster.”.

Amendment of section 8 of Act 98 of 1978

5. Section 8 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph (a) of the following words:

“(1) Copyright in a cinematograph film [or any substantial part thereof] vests the exclusive right to do or to authorise the doing of any of the following acts in the Republic.”; and

(b) by the substitution for paragraph (d) of the following paragraph:

“(d) causing the film to be transmitted in a diffusion service, unless such service transmits a lawful television broadcast, including the film, and is *operated* by the original [broadcast] broadcaster.”.

Wysiging van artikel 2 van Wet 98 van 1978

2. Artikel 2 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:

“(1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet, kom die volgende werke, *indien hulle oorspronklik is*, vir outeursreg in aanmerking—”; en

(b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) ’n Letterkundige, musiek- of artistieke werk kom nie vir outeursreg in aanmerking nie tensy—

[(a) genoegsame inspanning of vaardigheid aan die vervaardiging van die werk bestee is om dit ’n nuwe en oorspronklike karakter te gee; en

(b) die werk op skrif gestel is of opgeneem of andersins tot stoflike vorm herlei is.”.

Wysiging van artikel 6 van Wet 98 van 1978

3. Artikel 6 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:

“Outeursreg in ’n letterkundige of musiekwerk [of ’n wesenlike gedeelte daarvan] verleen die uitsluitlike reg om enige van die volgende handeling in die Republiek te verrig of die verrigting daarvan te magtig.”; en

(b) deur paragraaf (e) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(e) die werk in ’n verspreidingsdiens te laat oorsend, tensy so ’n diens ’n wettige uitsending, met inbegrip van die werk, oorsend en *deur* die oorspronklike [uitsending is] *uitsender voortgesit word*.”.

Wysiging van artikel 7 van Wet 98 van 1978

4. Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:

“Outeursreg in ’n artistieke werk [of ’n wesenlike gedeelte daarvan] verleen die uitsluitlike reg om enige van die volgende handeling in die Republiek te verrig of die verrigting daarvan te magtig.”; en

(b) deur paragraaf (d) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(d) ’n televisie- of ander program waarin die werk opgeneem is, in ’n verspreidingsdiens te laat oorsend, tensy so ’n diens ’n wettige televisie-uitsending, met inbegrip van die werk, oorsend en *deur* die oorspronklike [uitsending is] *uitsender voortgesit word*.”.

Wysiging van artikel 8 van Wet 98 van 1978

5. Artikel 8 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

“(1) Outeursreg in ’n rolprent [of ’n wesentlike gedeelte daarvan] verleen die uitsluitlike reg om enige van die volgende handeling in die Republiek te verrig of die verrigting daarvan te magtig.”; en

(b) deur paragraaf (d) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(d) die rolprent in ’n verspreidingsdiens te laat oorsend, tensy so ’n diens ’n wettige televisie-uitsending, met inbegrip van die rolprent, oorsend en *deur* die oorspronklike [uitsending is] *uitsender voortgesit word*.”.

Substitution of section 9 of Act 98 of 1978

6. The following section is hereby substituted for section 9 of the principal Act:

"Nature of copyright in sound recordings"

9. Copyright in a sound recording [or any substantial part thereof] vests the exclusive right to do or to authorise the doing of any of the following acts in the Republic:

(a) Making, directly or indirectly, a record embodying the sound recording;

(b) importing records embodying the sound recording and distributing them, directly or indirectly, to the general public or any section thereof."

Amendment of section 10 of Act 98 of 1978

7. Section 10 of the principal Act is hereby amended by the substitution for the words preceding paragraph (a) of the following words:

"Copyright in a broadcast [or any substantial part thereof] vests the exclusive right to do or to authorise the doing of any of the following acts in the Republic:".

Substitution of section 13 of Act 98 of 1978

8. The following section is hereby substituted for section 13 of the principal Act:

"General exceptions in respect of reproduction of works"

13. In addition to reproductions permitted in terms of this Act [The] reproduction of a work shall also be permitted as prescribed by regulation, but in such a manner that the reproduction is not in conflict with a normal exploitation of the work and is not unreasonably prejudicial to the legal interests of the [author] owner of the copyright."

Substitution of section 21 of Act 98 of 1978

9. The following section is hereby substituted for section 21 of the principal Act:

"Ownership of copyright"

21. (1) (a) Subject to the provisions of this section, the ownership of any copyright conferred by sections 3 and 4 on any work shall vest in the author or in the case of a work of joint authorship in the co-authors of the work.

(b) Where a literary or artistic work is made by an author in the course of his employment by the proprietor of a newspaper, magazine or similar periodical under a contract of service or apprenticeship, and is so made for the purpose of publication in a newspaper, magazine or similar periodical, the said proprietor shall be the owner of the copyright in the work in so far as the copyright relates to publication of the work in any newspaper, magazine or similar periodical or to reproduction of the work for the purpose of its being so published, but in all other respects the author shall be the owner of any copyright subsisting in the work by virtue of section 3 or 4.

(c) Where a person commissions the taking of a photograph, the painting or drawing of a portrait, the making of a gravure, the making of a cinematograph film or the making of a sound recording and pays or agrees to pay for it in money or money's worth, and the work is made in pursuance of that commission, such person shall, subject to the provisions of paragraph (b), be the owner of any copyright subsisting therein by virtue of section 3 or 4.

Vervanging van artikel 9 van Wet 98 van 1978

6. Artikel 9 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Aard van outeursreg in klankopnames"

9. Outeursreg in 'n klankopname [of 'n wesenlike gedeelte daarvan] verleen die uitsluitlike reg om enige van die volgende handeling in die Republiek te verrig of die verrigting daarvan te magtig:

(a) Vervaardiging, regstreeks of onregstreeks, van 'n opname waarin die klankopname vervat is;

(b) invoer van opnames waarin die klankopname vervat is, en verspreiding daarvan, regstreeks of onregstreeks, aan die algemene publiek of 'n gedeelte daarvan."

Wysiging van artikel 10 van Wet 98 van 1978

7. Artikel 10 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:

"Outeursreg in 'n uitsending [of 'n wesenlike gedeelte daarvan] verleen die uitsluitlike reg om enige van die volgende handeling in die Republiek te verrig of die verrigting daarvan te magtig:".

Vervanging van artikel 13 van Wet 98 van 1978

8. Artikel 13 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Algemene uitsonderings ten opsigte van reproduksie van werke"

13. Benewens reproduksies toelaatbaar ingevolge hierdie Wet is [Die] reproduksie van 'n werk [is] ook toelaatbaar soos by regulasie voorgeskryf, maar op so 'n wyse dat die reproduksie nie bots met 'n normale benutting van die werk en die regsbelange van die [outeur] eienaar van die outeursreg onredelik benadeel nie."

Vervanging van artikel 21 van Wet 98 van 1978

9. Artikel 21 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Eiendomsreg op outeursreg"

21. (1) (a) Behoudens die bepalings van hierdie artikel, berus die eiendomsreg op enige outeursreg wat by artikels 3 en 4 aan enige werk verleen word, by die outeur of, in die geval van 'n werk van mede-outeurskap, by die mede-outeurs van die werk.

(b) Indien 'n letterkundige of artistieke werk deur 'n outeur vervaardig word in die loop van sy diens by die eienaar van 'n koerant, tydskrif of dergelike blad ingevolge 'n diens- of leerlingkontrak, en aldus vervaardig word vir publikasie in 'n koerant, tydskrif of dergelike blad, is daardie eienaar die eienaar van die outeursreg in die werk vir sover die outeursreg betrekking het op publikasie van die werk in 'n koerant, tydskrif of dergelike blad of op reproduksie van die werk ten einde dit aldus te publiseer, maar in alle ander opsigte is die outeur die eienaar van enige outeursreg wat ingevolge artikel 3 of 4 in dié werk bestaan.

(c) Indien iemand 'n opdrag vir die neem van 'n foto, die skilder of teken van 'n portret, die maak van 'n gravure, die maak van 'n rolprent of die maak van 'n klankopname gee en met geld of in geldswaarde daarvoor betaal of hom daartoe verbind, en die werk ingevolge so 'n opdrag vervaardig word, is so iemand, behoudens die bepalings van paragraaf (b), die eienaar van enige outeursreg wat ingevolge artikel 3 of 4 daar in bestaan.

(d) *Where in a case not falling within either paragraph (b) or (c) a work is made in the course of the author's employment by another person under a contract of service or apprenticeship, that other person shall be the owner of any copyright subsisting in the work by virtue of section 3 or 4.*

(e) *Paragraphs (b), (c) and (d) shall in any particular case have effect subject to any agreement excluding the operation thereof and subject to the provisions of section 20.*

(2) *Ownership of any copyright conferred by section 5 shall initially vest in the state or the international organisation concerned, and not in the author."*

Short title

10. This Act shall be called the Copyright Amendment Act, 1980.

(d) *Waar 'n werk in 'n geval wat nie deur paragraaf (b) of (c) gedek word nie, in die loop van die outeur se diens by 'n ander persoon ingevolge 'n diens- of leerlingkontrak vervaardig word, is daardie ander persoon die eienaar van enige outeursreg wat ingevolge artikel 3 of 4 in die werk bestaan.*

(e) *Paragrafe (b), (c) en (d) geld in elke bepaalde geval onderworpe aan enige ooreenkoms waarby die toepassing daarvan uitgesluit word en behoudens die bepalinge van artikel 20.*

(2) *Eiendomsreg op outeursreg by artikel 5 verleen, vestig aanvanklik in die staat of die betrokke internasionale organisasie, en nie in die outeur nie."*

Kort titel

10. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Outeursreg, 1980.

CONTENTS

No.		Page No.	Gazette No.
	Commerce and Consumer affairs, Department of General Notice		
929	Copyright Act (98/1978): Draft Amendment Bill	1	6760

INHOUD

No.		Bladsy No.	Staats- koerant No.
	Handel en Verbruikersake, Departement van Algemene Kennisgewing		
929	Wet op Outeursreg (98/1978): Konsep-wysigingswetsontwerp	1	6760